Mediaverklaring

Minister Zulu moet bedank

2020/08/25

Regter Fabricius het reeds meer as ‘n maand gelede in ‘n hofuitspraak op 6 Julie opdrag gegee dat kleuterskole onmiddellik moet heropen. Daar is egter steeds talle kleuterskole wat nog nie kon heropen nie. Gebrek aan noodsaaklike befondsing, gebrek aan persoonlike beskermende toerusting en intimidasie deur die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling (DSD) se amptenare kniehalter pogings om broodnodige sorg aan kleuters te voorsien.

Die Solidariteit Skoleondersteuningsentrum (SOS) se regspan het na die hofbevel in Julie nogmaals ‘n dringende skrywe aan die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling gerig om te eis dat kleuterskole toegelaat word om veilig te heropen. Die eis het in verskeie distrikte op dowe ore geval. Die SOS ondersteun dus SA Childcare se hofaansoek om intimidasie deur DSD amptenare aan te spreek en onmiddellike uitbetaling te eis van subsidies wat reeds voor COVID-19 geallokeer is, sodat alle kleuterskole kan heropen.

Die voorgenome uitbetaling van R1.3-miljard aan “jeugvoldoeningsmonitors” terwyl vroeë-kinderontwikkelingsentrums (VKO)nog geen subsidies van die regering ontvang het nie, word ten sterkste teengestaan.

Dit is duidelik dat die DSD en minister Lindiwe Zulu onbevoeg is om kleuterskole en sorgsentrums te ondersteun en geensins die welstand van kinders op die hart dra nie. Die SOS dring daarop aan dat sy uit haar pos bedank, dat die DSD onder administrasie geplaas word en dat die proses om VKO na die Departement van Basiese Onderwys te verskuif, bespoedig word.

Kleuterskole verbonde aan die SOS se Kleutervereniging het tot ‘n groot mate suksesvol heropen, maar daar is talle kleuterskole wat moontlik finaal hulle deure sal moet sluit as gevolg van die onvermoë van die DSD om hulle behoorlik te ondersteun.

Die dringende hofaansoek deur SA Childcare word Vrydag aangehoor.

Solidariteit Skoleondersteuningsentrum (SOS) is gerig op die versterking van Afrikaanse onderwys. Die SOS se Wolkskool bied ‘n volledige aanlyn kurrikulum vir leerders van Graad 1 - 12, en twaalf verskillende vakverenigings bied professionele ondersteuning aan onderwysers.

Vir alle medianavrae:

SKOLE
ondersteuningsentrum

SARINA PRINSLOO
Skakelbeampte
012 612 0234
072 123 1707
sarina@skole.co.za
Von Willichlaan 284, Die Hoewes, Centurion
skole.co.za